# “Kenotiese” prediking – die katalisator vir liturgiese verdieping in die huidige konteks?

**T F J Dreyer**

**Hervormde Teologiese Kollege**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

### “Kenotic” preaching – a catalyst for liturgical revival within the present context

***In this article the urge towards a new liturgical approach is investigated from a systemic perspective. The interactive dynamics of the different liturgical elements cannot change if the dominant influence of preaching on liturgy as a whole is not taken into consideration. Within the framework of the theological tradition of the Reformation, preaching is considered as the liturgical core. In order to achieve maximum participation of the congregation, liturgical movements usually focus on the renewal of liturgical elements within worshipping, neglecting the decisive role of preaching. This research investigates the “kenotic” rhetorical approach of D J Lose*** **(Confessing Jesus Christ: Preaching in a postmodern world)** ***as a possible catalyst for liturgical revival.***

> Sisteemteoreties kan die gemeente beskou word as ’n sisteem waarbinne ’n verskeidenheid van kleiner sisteme funksioneer ... Een daarvan is die erediens waarvan die prediking weer ’n verdere subsisteem vorm. Vanuit die sisteemteorie beskou, sou die prediking nie los gesien kon word van die erediens as sisteem wat weer deel vorm van die gemeente as groter sisteem nie. Daar moet daarom voortdurend gevra word na die dinamiese interaksie tussen die verskillende liturgiese elemente ...
>
> (Bothma 2004:38)

## 1. INLEIDING

Liturgiese vernuwing[1] is sedert die tweede helfte van die vorige eeu, wêreldwyd hoog op die agenda van kerklike vergaderings (vgl Oskamp &

[1] Ek verkies die uitdrukking “liturgiese verdieping” bo “liturgiese vernuwing”. Alhoewel laasgenoemde uitdrukking meestal gebruik word, skep dit die verwagting dat daar noodwendig na iets “nuuts” gesoek moet word. “Liturgiese verdieping” wil beklemtoon dat die dieperliggende betekenis van die liturgie en liturgiese elemente ontgin moet word.

Schuman 1998:80-89; Fenwick & Spinks 1995:5-105; Vrijlandt 1987:118-170). Ook hier te lande geniet liturgiese besinning en voorstelle tot sinvolle vernuwing, hoë prioriteit (vgl bv die Agenda van die Twaalfde Sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, asook die Agenda van die Sewe en Sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika).

Voorstelle tot liturgiese vernuwing fokus in die meeste gevalle op aspekte soos: die rangskikking van liturgiese elemente; nuwe vorme van deelname aan geloofs- en skuldbelydenisse; nuwe kerkliedere; alternatiewe vorms van begeleiding van gemeentesang; groter klem op die benutting van die Kerklike Jaar; die verryking van simbole en rituele; die implementering van elektroniese media om visuele kommunikasie te bevorder; gerigtheid op die kind en die jeug. Dit alles is afgestem op groter deelname en betrokkenheid van die gemeente om die dialogiese karakter van die erediens as ’n ontmoetingsgebeure te stimuleer.

In genoemde literatuur word terloops ook verwys na die prediking as ’n belangrike element in die liturgie en die noodsaak van eietydse en aktuele prediking wat ’n belangrike rol kan speel in liturgiese vernuwing. Die doel van hierdie artikel is om te probeer nagaan of, binne die Reformatoriese Tradisie, die prediking as liturgiese element, nie slegs ’n belangrike rol speel nie, maar dat prediking dié deurslaggewende rol moet speel in alle pogings tot verantwoorde en sinvolle liturgiese verdieping. Die onderskeie liturgiese elemente en die prediking verkeer in ’n dinamiese interaksie. Daar sal ook gepoog word om aan te toon dat die postmoderne konteks ’n ander retoriese styl in die prediking vereis. ’n Retoriese styl wat mense van ons tyd uitnooi tot deelname, kan beskryf word as “kenotiese” prediking. Ek ontleen die begrip “kenotiese” retoriek aan die navorsing wat deur Lose (2003) oor prediking in ’n postmoderne konteks gedoen is. Lose (2003:205-207) gebruik die betekenis van die Griekse woord *kenosis*, soos dit na vore kom in Filippense 2:6-8, as tipering van die retoriese styl wat noodsaaklik is vir die prediking in die huidige konteks. Die begrip “kenotiese” prediking sal kortliks in die ondersoek omlyn word.

## 2. LITURGIESE BESKOUINGS BINNE DIE REFORMATORIESE TRADISIE

Die Reformatore het in reaksie teen die Roomse liturgie die klem laat val op ’n liturgiese benadering wat sentreer rondom die Woord. Beide Luther en Calvyn het dit beklemtoon dat die prediking van Gods Woord die belangrikste element van die liturgie moet wees, omdat die heil van God nie sakramenteel nie, maar deur die verkondiging van die Woord, bemiddel word (vgl Vrijlandt

1987:82-95; Barnard 1981:266-296; Beukes 1993:63-80; Hoenderdaal 1977:44-47). “Het Woord is niet in de liturgie opgesloten, maar de woorden van de liturgie worden mee opgenomen in het geschieden van het Woord. Naar reformatorisch besef is de liturgie dienstbaar aan Gods Woord” (Oskamp en Schuman 1998:216). Die hele erediens is volgens Müller (1990:70, 71) ’n Woorddiens aangesien God van begin tot einde in gesprek is met die gemeente.

Die liturgiese ontwikkeling in Nederland in die sewentiende en agtiende eeu het, op voetspoor van die Reformatoriese beklemtoning van die liturgie wat diensbaar is aan die Woord, die prediking só sentraal gestel dat daar selfs na die Sondagse erediens verwys is as “predikatie” (Vrijlandt 1987:102). In sommige homiletiese werke word daar ook na die prediking verwys as ’n leerrede (Dreyer 1974:44). Die fokus op die prediking en die aard van die prediking as ’n leerrede het ’n bepaalde stempel op die liturgie afgedruk. Die erediens het ’n streng formele karakter verkry. Die prediker was die belangrikste rolspeler in die liturgie omdat hy as voorganger die gemeente moes onderrig in die Woord. Die gemeente was tot ’n groot mate passiewe luisteraars, wat wel van tyd tot tyd in die liturgie “geantwoord” het op die Woord, maar die “sukses” van die erediens is bepaal deur die vraag of dit ’n goeie preek was, al dan nie. ’n Goeie preek is beoordeel aan die kwaliteit van die eksegese en die teologiese inhoud van die preek, gemeet aan die belydenisskrifte van die kerk. Prediking het tot ’n groot mate ’n leerrede geword waarin die prediker die gemeente onderrig het in die objektiewe waarhede van die Skrif en die belydenisgeskrifte. Prediking is gedefinieer as die uitleg, verklaring en toepassing van die Bybel as die Woord Van God (Dreyer 1989:350-369).

Hierdie beskouing van die prediking het aanleiding gegee tot ’n argumentatiewe styl van prediking wat neerslag gevind het in ’n tekstematiese preekvorm. Pieterse (1985:69) het in sy empiriese navorsing oor preekstyle bevind dat 31% van die predikers se preekstyl primêr gerig is op die Bybelgebondenheid en uitleg, teenoor 17% wat die ander pool van die prediking, naamlik die gemeentegerigtheid, beklemtoon. Hy het bevind dat 99% van die preke wat ondersoek is, in ’n tekstematiese vorm gegiet is (Pieterse 1985:172). So ’n tekstematiese preekvorm met ’n argumentatiewe styl is daarop gemik om die hoorder te oorreed, of te oortuig. Met argument en bewysvoering, word die hoorder oorgehaal tot die standpunt van die prediker se boodskap. Die tekstematiese preek is besig met verklaar, uitleg, leer en die kommunikasiekrag is geleë in oortuiging, opwekking en appèl (Pieterse 1985:176). Op ’n deduktiewe wyse, het die prediker as die outoritêre figuur die gemeente gekonfronteer met objektiewe waarhede wat hulle moes bring tot

kognitiewe instemming. ’n Byna eensydige klem op korrekte formulering en suiwerheid van die “dogma” het daartoe aanleiding gegee dat die prediker se eie eksistensiële betrokkenheid (of eerder “getroffenheid” ) en die eie oortuiging, as gevaarlike subjektivisme in die prediking vermy moes word (Nel 2001:60).

Hierdie preekstyl is uiting van ons westerse kultuur en denktradisie wat spruit uit die Grieks-Romeinse beskawing. Retories lê ons wortels in die klassieke retorika. In hierdie denkpatroon word waarheid as ’n proposisie of stelling daargestel en logies gemotiveer en bewys, daarom is die aard van hierdie redevorm dus betogend (Pieterse 1985:173). Aanvanklik het predikers in die vroeë kerk hulle teen die invloed van die retorika verset, maar teen die vierde eeu kom daar weer ’n wending terug na die Grieks-Romeinse retorika. Leidende figure soos Chrysostomos en Augustinus wys op die voordele wat die retorika vir die prediking inhou. Tydens die Hervorming het Melanchton ook sterk aangesluit by die klassieke retorika. Hyperius, die vader van die gereformeerde homiletiek, het wel versigtiger met die retorika omgegaan, maar het tog die preek as rede daarop geskoei. Hierdie lyn loop deur tot vandag (vgl Hoekstra 1975:34-37; Vos 1996:139-167). Bothma (2004:44) stel in sy navorsing dat die preek ’n oorredende intensie het aangesien dit gelowiges tot geloofshandelinge wil motiveer, inspireer en aktiveer.

Binne die raamwerk van ’n moderne paradigma waar hiërargiese strukture, asimmetriese kommunikasie, objektiewe waarhede en gesagsfigure vanselfsprekend was, het hierdie retoriese styl die nodige effek gehad. Dit is merkwaardig dat die homiletiek se reaksie op die funksieverlies van die erediens en die prediking gewoonlik is om nog meer klem te lê op die regte inhoud van die prediking (Nichols 1987:112). Studente moet geleer word om reg te preek, bedoelende die klem op die regte Woordinhoud. Natuurlik is dit binne ’n Reformatoriese kerk ondenkbaar dat daar nie klem gelê sal word op die regte inhoud van die prediking nie, maar dit gaan hier oor die vraag na die styl van die prediking waarmee die korrekte inhoude gekommunikeer word. Hierdie beskouing van die prediking het ’n rimpeleffek op die hele liturgie, dit inhibeer ervaring en betrokkenheid van die gemeente en lei tot ’n meganiese deelname aan liturgiese elemente waar die gemeente kan “antwoord” op die Woord.

Indien die styl van die prediking nie verander nie, sal nóg die klem op die regte inhoud van die prediking, nóg die eksperimentering met die liturgie en liturgiese elemente, werklik bydra tot verantwoordelike liturgiese vernuwing en verdieping. Prediking en die styl van die prediking stempel die aard en die styl van die liturgie, want die prediking staan in relasie tot ander handelinge binne die ritueel-liturgiese konteks van die erediens (Vos 1997:248).

## 3. PREDIKING IN HEDENDAAGSE KONTEKS

’n Mens raak al huiwerig vir die begrip postmoderniteit omdat dit ’n gonswoord geword het wat kwistig aangewend word om allerlei nuwe tendense te verklaar en te legitimeer. Daar is al in eie geledere baie gepubliseer oor die sogenaamde postmoderne lewensgevoel, asook oor die epistemologiese aanpak daarvan (Janse van Rensburg 2000; Thompson 2000; Dreyer 1997). Pieterse (2002:78), stel dat die woord “postmodern” nie lekker op sy tong lê nie, omdat modernisme nog steeds belangrike aspekte van ons natuurwetenskaplike navorsing, tegniek, ekonomiese stelsels en denkwyses bepaal. Hy kies om saam met Schweitzer (2001:173) liewer van refleksiewe moderniteit te praat, omdat ons onsself in ’n oorgangstyd bevind. Janse van Rensburg (2003:8) is van oordeel dat ons hedendaags in die prediking te doen het met drie tipes mense: die postmoderne mense, die mense wat bewustelik of onbewustelik beïnvloed is deur postmoderne idees en mense wat postmodernisme verwerp.

Hoe dit ookal sy, die hedendaagse konteks adem tot ’n groot mate ’n postmoderne lewensklimaat en dit beïnvloed in toenemende mate die hoorders van die prediking. Predikers sal daarmee rekening moet hou, want dit vereis ’n ander styl of retoriek in ons prediking. “The paradigm shift from modernism to postmodernism had a definite impact on preaching. The move away from a kerygmatic approach towards a hermeneutic understanding of communication inevitably caused a move away from a deductive approach to an inductive way of preaching” (Janse Van Rensburg 2001:340). Die postmoderne filosofie staan skepties teenoor die rol wat aan die rede en aan die mens as rasionele subjek toegeken word. Die kille rasionaliteit word verbreed tot ’n ryke redelikheid waarin emosionaliteit, estetiek en retoriek ’n sentrale funksie kry (Burggraeve & Velle 1993:11). Die fokus het verskuif vanaf ’n modernistiese proklamering van ewige waarhede na ’n postmoderne soeke na sin te midde van die kompleksiteit van diverse kontekste van elke individu (Janse van Rensburg 2000:9). Kleynhans en Kellerman (2000:84-85), is van mening dat predikers nie hulle hoorders huis toe moet stuur met klinkklare antwoorde op alles nie, maar met vrae waarop hulle in hulle alledaagse lewe die antwoorde moet vind om sodoende verantwoordelikheid vir eie optrede te aanvaar. Hoorders moet uitgenooi word om deel te neem aan hierdie nuwe verstaansproses (Vos 1999:122). Die hoorder moet ernstig geneem word (Den Dulk 1995). Hierdie benadering bring die tradisionele siening van waarheid in gedrang en daarom kom dit vir baie predikers neer op ’n relativering van Bybelse waarhede. “How can Christianity’s truth claims ... be considered when there are so many rival alternatives, and truth is a devalued notion?” (Foshaugen 199:3).

Die prediking, en daarmee saam liturgiese verdieping, het by ’n kruispad gekom. Hoe moet die aard en styl van prediking daar uitsien om in ons tyd so te preek dat dit mense beweeg tot ’n lewe van geloof in God se teenwoordigheid? Die oormatige klem op die argumentatiewe prediking van die verlede het by baie ’n oorreaksie na narratiewe prediking tot gevolg gehad, maar dit kan ook daartoe lei dat die prediking nou sy kritiese funksie inboet, net soos die ervaringsbasis verloor is deur die gebrek aan die narratiewe (Pieterse 2002:80). Narratiewe prediking, alhoewel uiters geskik binne ’n postmoderne tydsgees, is egter ’n moeilike vorm van prediking. Baie predikers het die narratief aangegryp om die verleentheid oor hulle prediking te oorbrug, maar oppervlakkige verhale onder die skyn van narratiewe prediking, kan ’n konstante bron van frustrasie vir die gemeente en ’n verleentheid vir die gemeente en die prediker word (Janse Van Rensburg 2003:4). Voordat daar gesoek word na geskikte preekvorme vir ons tyd, is dit myns insiens nodig dat daar weer opnuut gevra word na die fundamentele aard en karakter van die prediking, asook die retoriese styl wat in die huidige tyd die mees effektiewe kan wees.

## 4. “KENOTIESE” RETORIEK

Soos reeds in die inleiding gestel, word die begrip “kenotiese” retoriek ontleen aan die navorsing wat deur Lose (2003) oor prediking in ’n postmoderne konteks gedoen is. Hierdie kenotiese retoriese styl is sy antwoord op die uitdaging aan die prediking, nadat hy hom deeglik vergewis het van die postmoderne lewensklimaat, asook die aard en wese van die prediking. Om sy kenotiese retoriek te verstaan is dit nodig om kortliks die basiese uitgangspunte vir sy siening van prediking te omlyn.

### 4.1 Epistemologie

Die problematiek waarvoor die prediking volgens hom te staan gekom het, is die vraag na die waarheid, omdat waarheid binne ’n postmoderne konteks gerelativeer word tot ’n subjektiewe verstaan van die werklikheid ... “truth, like beauty, seems increasingly to be in the eye of the beholder” (Lose 2003:2). Die uitdaging wat postmoderniteit aan teologie en prediking rig, is om die aard van teologie en prediking op te klaar. Baie teoloë is bekommerd dat die post-moderne paradigma die verkondiging van die Christelike boodskap wesenlik bedreig omdat tradisionele vorme van waarheid, strukture en realiteit bevraag-teken word (Foschaugen 1999:2). Vir ’n prediker in die Reformatoriese tradisie word dit problematies om op die tradisionele wyse die Evangelie as geopenbaarde waarheid te verkondig omdat die geldigheid van so ’n uitgangspunt en alle groot verhale (“grand narratives”) bevraagteken word (vgl

Grentz 1996:85; Janse Van Rensburg 2000:77). "Dit skep 'n probleem vir die prediker wat die evangelie met oortuiging aan die gemeente moet verkondig" (Pieterse 2002:75).

Om getrou te wees aan die Christelike tradisie en 'n antwoord te gee aan ons pluralistiese postmoderne samelewing moet prediking volgens Lose (2003:1-6) gesien word as die openbare praktyk van die belydenis van die geloof in Jesus Christus. Prediking as belydenis berus nie op empiriese bewyse nie, maar op 'n lewende belydenis van geloof. Die moderne-postmoderne debat kan, volgens hom, getransendeer word deur 'n kritiese fideïstiese epistemologie.

Ons bevind ons al meer in 'n wêreld waar "geloof" die kern uitmaak van al ons pogings tot werklikheidsverstaan en singewing (Van Huyssteen 1999:189). Só gesien is "glo" die grondslag van "weet". Ongeag die kritiese debat (modern/postmodern) dink ons dat ons weet omdat ons glo dat dit waar is. Kennis begin met:

- dit kan waar wees
- dit moet waar wees
- ek glo dit is waar.

Sonder "geloof" (oortuiging) kan ons nie sin maak van die werklikheid nie omdat dit 'n onmiskenbare rol speel in ons teoretiese, logiese en praktiese konstruksies (Hassan 1987:207). "For this reason,... beneath all of our 'knowing' is 'believing', and ... this is true as much for postmodernists as modernists" (McGowan 1991:24). Dit beteken nie dat dit die status verkry van onaantasbaarheid nie. Dit is 'n perspektief en hou, in 'n kritiese wisselwerking, verband met die oortuiging van ander (Lose 2003:36-37). Postmoderne uitsprake dat waarheid berus op 'n netwerk van interafhanklike oortuigings is gebaseer op 'n oortuiging (geloof). Alle waarheidsaansprake het 'n element van fideïsme. Ons kan nie fideïsme ontsnap nie. Ons kan hoogstens onderskei tussen 'n maksimale of minimale fideïsme. Minimale fideïsme is krities van aard en bereid om oortuigings in die publieke arena bloot te lê vir kritiek. Maksimale fideïsme weier om in kruiskontekstuele diskoerse betrokke te raak (vgl Van Huyssteen 1997:3). Kritiese fideïsme impliseer dat, alhoewel jy nie die aansprake wat jy maak, kan bewys nie, jy tog bereid is om dit in die publieke arena te verdedig en te debatteer omdat dit vir jou sin gee. Kruiskontekstuele diskoerse beskerm jou teen maksimale fideïsme (Lose 2003:42-43).

In die postmoderne wêreld is daar groter ruimte vir "geloof" as in die moderne, omdat geloof 'n integrale deel van kennis word. Wat ons prysgee is nie geloof nie, maar die verpligting om geloof te bewys. Ons sweer nie geloof af nie, maar 'n twyfelagtige sekerheid. Ons neem nie afskeid van hoop nie, maar van 'n toekoms gebaseer op modernistiese "foundationalism" (Lose 2003:61-62). In hierdie opsig het postmoderniteit Christene 'n guns bewys omdat geloofs-aansprake nie berus op 'n onaantasbare fondament nie, maar die Christendom bestaan by grasie van die belydenis van die geloof.

## 4.2 Prediking as belydenis

Lose bevry die prediking van die illusie dat dit gaan oor die oordra van objektiewe waarhede, omdat hy die prediking plaas in die konteks van "belydenis". Dingemans (1991:40) pleit in sy hermeneutiese benadering van die prediking ook daarvoor dat die begrip *martyrion* in ons konteks 'n meer geskikte *terminus technicus* vir die prediking is:

> De rol van de predikant kan men echter ook omschrijven als die van "getuige": hij of zij heeft niet alleen zakelijk door te geven en na te zeggen wat de teksten te zeggen hebben, maar de geloofservaring van de predikant zelf is het kanaal waardoor de hoorders de boodschap op een existentiële wijze te horen en te pakken krijgen.
>
> (Dingemans 1991:40)

'n Kort oorsig van Lose (2003:31-188) se beskouing van prediking as belydenis kan sy vertrekpunte in perspektief plaas. Op grond van sy ontleding van die betekenis en funksie van die woord "belydenis" in beide Ou en Nuwe Testament maak hy 'n sterk saak daarvoor uit dat die kerk nie anders bestaan en voortbestaan as op grond van 'n lewende belydenis van geloof nie. In die ontleding van die begrip "belydenis" in die Bybel en die teologiese tradisie, maak hy die stelling dat "belydenis" 'n dubbele funksie het, naamlik: die same-vatting van die essensie van die geloof (*fides quae)* en die eksistensiële belydenis van geloof as reaksie op die verkondigde Woord binne die konteks van 'n bepaalde tyd en plek (*fides qua*). Toegepas op die prediking beteken dit dat prediking as belydenis nie net ten doel het om geloofsproposisies korrek en met gesag oor te dra nie, maar dat dit neerslag moet vind in die eksistensiële worsteling van die prediker om dit vir vandag nuut te verwoord (Dreyer 2004: 665-672).

Die Waarheid as belydenis kan in die prediking met integriteit oorgedra word sonder om te verval in 'n modernistiese "foundationalism" of 'n

postmoderne relativisme, wat die moontlikheid om oor die Waarheid te praat ondermyn. Prediking nooi die hoorder uit om die Woord wat verkondig word, te glo, te identifiseer met die belydenis wat aangebied word, en die tradisie in sy of haar lewe deur die werking van die Heilige Gees te aktualiseer.

Prediking as belydenis werk soos in die teater met die beginsel van nabyheid en afstand. Dit is ’n mengsel van identifikasie en afstand om ’n klimaat te skep waar die gehoor dalk kan glo. In plaas daarvan om die hoorder te oorreed moet die prediker aan die hoorder die nodige inligting gee, maar tegelyk ook die nodige distansie skep waardeur hoorders self tot oortuiging kan kom. Dit beteken dat die prediker in die voorbereiding in die teks moet soek na dit wat hom/haar oortuig en in die prediking die getuienis moet aanbied van dit wat jou oortuig het. Die prediker bied in die prediking tegelyk ’n narratiewe identiteit, asook ’n kritiese distansie aan die hoorder. Dingemans (1991:50) gebruik die metafoor van ’n toneelstuk, of ’n drama waarin getuienis van “toe” en hoorders van “nou”, saamgebring word in ’n handeling en dialoog, waardeur herkenning en hopelik bevryding sal plaasvind. Die predikant is tegelyk die outeur en die regisseur van die stuk. “Hij of zij moet de Woorden van de schriften zo dicht bij de mensen brengen, dat het tot een werkelijke ontmoeting tussen God en mens kan komen” (Dingemans 1991:50). Ek het reeds in 1989 (Dreyer 1989:360) gepleit vir ’n herdefinisie van die prediking as ’n pneumatiese Woordgebeure waar die predikant via die teks die gemeente begelei tot ’n ontmoeting met die lewende God. Die “begelei” beteken dat die prediker slegs vanuit sy hermeneutiese worsteling met die teks en sy eie ontmoeting met God, die gemeente tot ’n ontmoeting kan begelei. Hierdie begeleiding kan nie met dwang plaasvind nie, maar kan hoogstens die karakter van ’n uitnodiging aanneem. Die krag van hierdie uitnodiging is geleë in die eie oortuiging, belydenis en getuienis van die prediker. Nel (2001:45-69) lê daarop klem dat hierdie getuieniskarakter van die prediking nie afhang van die gebruik van die woordjie “ek” nie, maar bepaal word deur die integriteit, spiritualiteit en egtheid van die prediker. Bohren (1980:43) het ook, onder andere, die dilemma van die “Sprachlosigkeit” van die prediking, toegeskryf aan die feit dat “Die Sprache verrät, daβ zwischen Existenz und Wort Uneinigkeit besteht. Die Sprache widerspricht oft dem, was der Prediger sagt”. Die prediker vertrou dat God deur die Bybelse getuienis spreek en verwag tegelyk dat God ook deur die prediking in menslike belydenis aan die Woord sal kom, wel wetende dat dit gepaard gaan met menslike gebrokenheid en gebrek aan insig. Dit is die paradoksale interaksie van vertroue en suspisie waarbinne prediking voltrek word. Die prediker in die benadering van prediking as belydenis, bevind hom/haar tussen die twee gespreksgenote: die Bybelse teks en die hoorders.

Lose beskou die Bybel as ’n versameling van belydenisse, getuienisse en aansprake gebaseer op geloofsbelydenisse (vgl Dreyer 2004:665-662). So gesien is die historisiteit van gebeure nie die primêre saak nie, maar wel die vraag wat hulle wil sê. ’n Retoriese benadering gefokus op wat hulle sê is dus belangriker as ’n historiese benadering gefokus op wat gebeur het. In ’n hofsaak het die hof geen toegang tot die oorspronklike gebeure as via die getuienis wat gelewer word nie. Die prediker is die laaste in ’n lang ry van getuies in die hoop dat die “hof” oortuig sal word dat dit ’n geloofwaardige weergawe van die gebeure is. In die beslissing van die hof word die getuienis bekragtig as realiteit. Christelike getuienis is gebaseer op die gebeure van die opstanding van Christus. Die opstandingsgebeure kan nie histories gerekonstrueer word nie, maar tog is dit juis die verskynings van die opgestane Heer wat die Nuwe Testamentiese getuienis geïnspireer het.

In die bestudering van die teks is die volgende vrae daarom van wesenlike belang:

- Waarvan wil die teks my oortuig?
- Wat bevestig die teks oor die mens en God?
- Hoe wil die teks op my ’n aanspraak maak?
- Wat weet ek van die teks se historiese omstandighede en redaksionele ontwikkeling wat my kan help om die aansprake wat dit maak beter te verstaan?
- Wat gebeur met my terwyl ek die teks biddend ondersoek?
- Glo ek self wat die teks wil oordra en van my vra sodat ek dit ook aan ander kan oorvertel en vra?

Objektiwiteit is ’n illusie. Ek kom met vrae en vooronderstellings na die teks. Die teks kan slegs met my praat as ek ook met die teks praat. So ontstaan ’n kritiese dialoog tussen my en die teks. Ons gaan nie na die teks toe as passiewe, neutrale interpreteerders nie, maar as lewende belydende Christene vol vrae, hoop, twyfel en verwagting. Jou pastorale ervaring is die eerste verwysingsraamwerk vir jou vrae aan die teks en jou teologiese tradisie die tweede rolspeler.

Die Bybelse teks roep in ’n nuwe konteks, ’n reaksie, ’n antwoord, ’n belydenis op. Die preek is die reaksie en belydenis wat deur die teks geïnspireer is. Prediking is nie ’n verslag oor die Bybel nie, maar ’n antwoord op die Bybel. Prediking is nie die aankondiging van die Bybel nie, maar vanuit jou eie konteks, ’n belydende gesprek met die Bybel en die gemeente. Van Rensburg (2001:345-346) toon die gevare van ’n induktiewe benadering

teenoor die tradisionele deduktiewe benadering in die prediking aan, maar kom tot die gevolgtrekking dat die prediking beide van 'n induktiewe en 'n deduktiewe benadering gebruik moet maak. "When the preacher stands firmly within both worlds of heavenly truths and man's needs and struggles, the congregation is blessed by a dynamic dialogue in preaching ... they clearly want to package deductive truths in the inductive wrappings ..." (Janse van Rensburg 2001:345).

## 5. PREDIKING AS "KENOTIESE" RETORIEK

In die homiletiek is daar nog altyd 'n huiwering en selfs 'n negatiewe siening oor die gevare van die retoriek in die prediking (vgl Fendt 1949:22-23). Dit was veral Barth (1966:34) wat predikers daarteen waarsku om nie op die sogenaamde behoeftes van die hoorders in te gaan nie. Lose (2003:193-195) is van mening dat dit nie neerkom op 'n keuse tussen retoriek (menslike vaardighede) of teologie (Goddelike ingrype) nie, maar 'n interaksie tussen beide.

In die meeste retoriese teorieë is oorreding die belangrikste motief. Oorreding is die doelbewuste poging om 'n ander persoon te verander. In 'n postmoderne samelewing lei dit tot weerstand (vgl Vos 1996:143-145). Lose (2003:200) kies vir 'n retoriek van uitnodiging wat daarop neerkom dat die gehoor genooi word om die wêreld van die prediker te betree en die werklikheid deur sy oë waar te neem. Om dit te bereik moet die prediker konsekwent moontlike ander perspektiewe van die hoorders respekteer. Enersyds bied die prediker perspektiewe aan, maar andersyds skep hy die ruimte vir ander perspektiewe in 'n raamwerk van veiligheid en vryheid. "... [It] is to assert that persuasion is not the central goal of preaching and cannot be allowed to supplant the inherently responsive character of confessional preaching" (Lose 2003:202).

Hy (Lose 2003:205), noem sy benadering 'n kenotiese retoriek, afgelei van die Griekse *kenosis* (Fil.2:6-8), wat beteken: om leeg te maak (Ou vertaling: ontledig). "It faithfully models God's own act of self-disclosure in the cross and resurrection of Jesus Christ .... For in the cross of Jesus Christ we find that God's most eloquent Word is spoken, not principally to persuade us of something, but in response to our desperate need" (Lose 2003 205). Prediking is nie oortuiging en oorreding nie, maar getuienis en belydenis. Die noodsaaklikheid van selfonthulling in die prediking ("self-disclosure), word ook deur die navorsing van Nel (2001:59-61) beklemtoon. Foshaugen (1999:2) bepleit ook 'n "incarnational" benadering as die mees effektiewe moontlikheid om in 'n postmoderne wêreld die evangelie van Jesus Christus oor te dra.

Jy gee jouself met die risiko van verwerping. Prediking is die beweging vanaf:

- Slegte nuus na goeie nuus
- Kruis na opstanding
- Die ou lewe na die nuwe lewe

’n “Kenotiese” retoriek (Lose 2003:220-226) vereis dat die taal van die prediking voortdurend in die spanningsveld van twee pole gestalte vind:

- “Ultimate” en “urgent” – proklameer ’n nuwe identiteit. Die kruis en die opstanding is die “ultimate”, die belydenis van die nuwe lewe.

- “Relational” en “vulnerable” – die ruimte en uitnodiging vir die hoorder om daarmee te identifiseer. Dit is die onvermoë om dit te bewys, maar tegelyk die selfonthullende belydenis van die realiteit van die nuwe lewe.

Narratiewe prediking is ’n effektiewe preekstrategie en -vorm om aan die eise van ’n kenotiese retoriek te voldoen (Lose 2003:219) omdat dit ons “storie” en die Bybelse “storie” met mekaar in verband bring. Die fokus van hierdie ondersoek val nie primêr op narratiewe prediking nie, maar wat wel van belang is, is dat predikers hulle deeglik sal moet vergewis van die moontlikhede wat ’n narratiewe strategie vir die prediking in die huidige konteks inhou. Dit bevestig die interaksie tussen pastoraat en prediking, omdat pastorale betrokkenheid by mense ’n hermeneutiese benadering in die prediking moontlik, werkbaar en effektief maak. “Narrative preaching has a double function in this regard: it serves as an excellent vehicle for communicating a pastoral spirituality and it facilitates a fusion of the peoples’ narrative with God’s narrative in Jesus Christ” (Janse van Rensburg 2003: 41). ’n Narratiewe preekstrategie hou egter talle gevare in wat juis tot gevolg kan hê dat dit die doel van prediking, naamlik om mense in hulle konkrete situasie, via ’n kommunikasie-ervaring met ’n Skrifteks te begelei tot ’n ontmoeting met die lewende God (Dreyer 1989:667), kan verduister. Janse van Rensburg (2003:50) wys tereg op die gevare wat inherent aan ’n narratiewe strategie verbonde is, naamlik moralisering en die verlies aan die onderrigtende karakter van prediking. Narratiewe prediking kan daarin ontaard dat dit mense meer vermaak as wat dit tot ’n werklike verandering in hulle lewens lei. Verantwoordelike narratiewe prediking is nie ’n maklike antwoord nie. Die prediker vertel nie net ’n mooi storie nie. Dit is ’n ingewikkelde proses

wat van die prediker die nodige kennis en kreatiwiteit vereis. Dit vra meer voorbereiding, studie en toewyding as ’n argumentatiewe benadering.

Kenotiese prediking hoef egter nie noodwendig ’n verhaal as strategie te gebruik nie. Alle vorme van prediking is in ’n sekere sin ’n narratief. Of die prediker dit erken of nie, elke preek vertel ook ’n verhaal oor die prediker self en sy/haar spiritualiteit en geloof in God. ’n Kenotiese retoriese styl vereis dat die prediker, ongeag die preekvorm, sy/haar prediking sal aanbied as ’n belydenis wat ander uitnooi om ook die werklikheid so te verstaan. Hierdie preek as belydenis is nie slegs gebaseer op subjektiewe ervaring nie, maar juis die gevolg van ’n biddende, gelowige en verantwoordelike hermeneutiese worsteling met die teks en die konteks. Hierdie preekstyl speel af in die dialektiese spanning van “ultimate” en “vulnerable” spreke oor God en mens. Die kragtige, belydende oortuiging dat God in Jesus Christus alles nuut gemaak het, word gedra deur die erkenning van menslike twyfel en onsekerheid. In hierdie spanningsveld word mense genooi om hierdie oortuiging te deel te midde van die werklikhede wat hulle omring. Welke preekvorm die prediker ook mag gebruik, die gemeente kan agterkom of my lewensverhaal in die groot Verhaal van God in Jesus Christus verweef is, of nie.

## 6. PREDIKING EN LITURGIESE VERDIEPING

“Why in an age of almost unparalleled interest in spirituality, is the Church still so incredibly unpopular? Is it not because the modern evangelical Gospel tends to be too refined, defined and regulated” (Foshaugen 1999:8)? Hy is van oortuiging dat die lewe van die gelowiges, hulle aanbidding in die erediens en hulle spiritualiteit weer aan die Blye Boodskap die aanspraak op waarheid en integriteit kan gee. Dit begin alles by die prediking wat die hartklop van die Reformatoriese kerk en liturgie is. Die navorsing van Lose en sy beskouing van die preekstyl as ’n kenotiese retoriek bied, na my mening, ’n belangrike perspektief om die aandrang om liturgiese vernuwing op die regte baan te plaas. In die geloofsgemeenskap moet daar volgens Vos (1995:202), meer aandag aan die liturgie as ’n vorm van religieuse kommunikasie gegee word. Indien die hoorder as subjek behandel word, word hy/sy deelnemer aan die liturgiese handelinge. Dit vra ’n epistemologie van deelname omdat die kenaksie nie plaasvind op ’n subjek-objek as nie, maar op die subjek-subjek as, as ’n aksie van partisipasie (vgl Dingemans 1996:18; Van Arkel 1991:37, 62).

Vanuit ’n sisteem-teoretiese perspektief is die liturgie as geheel ’n sisteem, waarbinne die prediking as subsisteem funksioneer (Bothma 2004:38). Beïnvloeding binne ’n sisteem geskied nie slegs in ’n eenrigtingverkeer nie, maar daar is ’n dinamiese interaksie in ’n spiraalvorm,

waarbinne sisteme in ’n resiproke relasie verkeer. Soos ter inleiding gestel, fokus liturgiese vernuwing veral op die groter deelname van die gemeente aan die onderskeie liturgiese elemente. Op sigself beskou, is talle van die inisiatiewe tot liturgiese vernuwing lofwaardige pogings, maar dit slaag nie altyd nie en vervreem selfs lidmate, omdat dit as “charismatiese” vernuwing beskou word, wat vreemd is aan die teologiese etos van ’n bepaalde kerk. Binne die Reformatoriese tradisie, waar die prediking as die hart van die liturgie beskou word, is ek van oortuiging dat die prediking primêr die aard van die liturgie stempel. Indien die prediking ’n klimaat stempel waar die gemeente die hoorders is, wat toegespreek en geleer word en hulle nie werklik betrokke is by die preekgebeure nie, bots pogings tot liturgiese deelname met die atmosfeer van die prediking. Lidmate sal dan altyd skepties teenoor alle pogings tot liturgiese vernuwing bly, omdat die styl van die prediking en die liturgie met mekaar bots.

Ek is van oortuiging dat niks anders werklik tot liturgiese vernuwing kan lei as die krag van die Woordgebeure in die prediking nie. In die kragveld van die Woord en die Gees word mense ingetrek in die liturgiese viering. Die spiritualiteit van die prediker en die styl van sy/haar prediking skep by voorbaat by die gemeente ’n bepaalde verwagting van die erediens. Is dit maar net nog ’n geleentheid waar ons toegespreek sal word uit die Woord, of is daar die verwagting dat dit die belangrikste gebeurtenis van die week kan wees, omdat die prediker hulle gaan begelei tot ’n ontmoeting met God? Die *cliché:* “hulle moet leer om na die Woord te luister”, gaan ons nie veel help nie, want die hoorders lees die prediker nog voordat hy/sy begin preek. Mense weet wie preek, daarom vra hulle altyd: wie preek (vgl Nel 2001:65)? Indien predikers krities na hulleself en die styl van hulle prediking kyk en bereid is om weer erns te maak met hulle eie geroepenheid om die Woord van God na mense in ons konteks te bring, sal hulle moet erken: dit vra van ons ’n nuwe retoriese styl. ’n Kenotiese retoriese styl in die prediking kan lei tot ’n groter appèl en betrokkenheid wat sal oorspoel in ’n spontane liturgiese viering. Dan hoef ons nie ver te gaan soek na nuwe liturgiese vorme en elemente nie, want dan kom daar ’n resiproke verdieping in die deelname van die gelowige aan elke liturgiese element.

## Literatuurverwysings

Barnard, A C 1981. *Die erediens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Barth, K 1966. *Homiletik*. Zürich: EVZ-Verlag.
Beukes, M J du P 1993*. Die erediens, I*. Pretoria: Kital.
Bohren, R 1980*. Predigtlehre*. München: Chr. Kaiser Verlag.

Bothma, G 2004. ’n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ph D proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Burggraeve, R & Velle S 1993. Christendom en postmoderniteit: Doemdenken, heil, of bescheiden kansen? *Collationes* 1, 1-19.

Den Dulk, M 1995. De homiletiek van C J A Vos*. Practical Theology in South Africa* 10, 6-14.

Dingemans, G D J 1991*. Als hoorder onder de hoorders ... Een hermeneutische homiletiek.* Kampen: Kok.

Dingemans, G D J 1996. *Manieren van doen: Inleiding tot de studie van de Praktische Theologie.* Kampen: Kok.

Dreyer, T F J 1974. *J J van Oosterzee as homileet (1817-1882).* Utrecht: Elinkwijk.

Dreyer, T F J 1989. ’n Poging tot ’n herdefinisie van die prediking binne die raamwerk van die Reformatoriese teologie, *HTS* 45, 350-369.

Dreyer, T F J 1997. Die verhouding prediking en belydenis in ’n post-moderne konteks: ’n “Huwelik” of “saamwoon”. *HTS 53*, 1250-1265.

Dreyer, T F J 2004. God, die Allerhoogste woon nie in mensgemaakte konstruksies nie*. HTS* 60, 665-672.

Fendt, L 1949. *Homiletik*: *Theologie und Technik der Predigt.* Berlin: EVZ-Verlag.

Fenwick, J & Spinks, B 1995. *Worship in transition: The twentieth century liturgical movement*. Edinburgh: T&T Clark.

Foshaugen, E K 1999. Worship and spirituality as a praxis-orientated apologetic in a postmodern world (The New Age): An incarnational engaged approach. *Acta Theologia* 2, 1-12.

Grentz, S J 1996*. A primer on postmodernism*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Hassan, I 1987. *The postmodern turn: Essays in postmodern theory and culture.* Columbus, OH: Ohio State University Press.

Hoenderdaal, G J 1977. *Riskant spel: Liturgie in een geseculariseerde wereld.* ’s-Gravenhage: Boekencentrum.

Hoekstra, T 1975. *Gereformeerde homiletiek*. 3de Uitg. Amsterdam: Ton Bolland.

Janse van Rensburg, J 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Schaik.

Janse van Rensburg, J 2001. The influence of post-modern epistemology on preaching. *Acta Theologia* 42, 340-347.

Janse van Rensburg, J 2003. Narrative preaching: Theory and praxis of a new way of preaching. *Acta Theologica*, Suppl 4.

Kleynhans, D J B & Kellerman, J S 2000. Die sosiale konstruksiemodel en die spanning tussen hoor en doen op die prediking. *Acta Theologica* 20, 73-89.

Lose, D J 2003. *Confessing Jesus Christ: Preaching in a postmodern world.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

McGowan, J 1991. *Postmodernism and its critics*. Ithaca: Cornell University Press.

Müller, J C 1990. *Die erediens as fees*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M 2001. *Ek is die verskil: Die invloed van persoonlikheid in die prediking.* Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Nichols, J R 1987*. Preaching as pastoral communication*. New York: Harper & Row.

Oskamp P & Schuman N (red) 1998. *De weg van de liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk.* Zoetermeer: Meinema.

Pieterse, H J C 1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H J C 2002. Prediking in ’n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17, 75-101.
Schweitzer, F 2001. Practical theology and postmodern life: Do we need a new paradigm*? International Journal of Practical Theology* 5, 169-183.
Thompson, C G 2000. Proclaiming the Gospel to postmodernists, Ph D dissertation. Potchefstroom University.
Van Arkel, J A 1991. Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6, 61-75.
Van Huyssteen, J W 1999. *The shaping of rationality: Toward interdisciplinarity in theology and science*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
Van Huyssteen, J W 1997. *Essays in postfoundationalist theology*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
Vos, C J A 1996. *Die volheid daarvan, II.* Pretoria: RGN.
Vos, C J A 1997. *Hoe lieflik is u woning.* Pretoria: RGN.
Vrijlandt, M 1987. *Liturgiek*. Delft: Meinema.